**Maandag 22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 20:19-31; HK Sondag 7, Antwoord 21**
**Fokusgedeelte: Johannes 20:28**

## Nie net aan ander nie, maar ook aan my

Geloof bestaan uit kennis en vertroue (vgl. 20 Feb.). In die praktyk vloei hierdie kennis en vertroue op so ’n wyse saam dat dit as ’n eenheid geopenbaar word met ’n intiem persoonlike karakter. Dan kan die ware gelowige in die woorde van ons belydenis sê: “... ook aan my.” Nie net ander nie, maar *ook ek* het deel aan die verlossing van Christus en die genade van God. Ons sien dit baie duidelik by Tomas. As Christus hom tot belydenis van geloof lei, sê hy nie maar net: “U is Here en God” nie. Nee, dan bely hy: “*MY Here en MY God*!” Hy bely dit omdat Christus op daardie oomblik meer as ooit tevore sy lewe gevul het, sodat Tomas soos Paulus kon sê: “*Vir my is die lewe Christus*” (Fil. 1:21). Wie werklik in Christus glo soos Tomas, word só deur Hom aangegryp en beheers dat hy vergeet dat hy deur die geloof aan Hom verbonde is. Daarom is dit opvallend dat Tomas in sy antwoord aan Christus niks oor geloof sê nie, maar net uitroep: “*My Here en my God*!” So openbaar hy egter juis sy geloof.

Hierdie intiem persoonlike geloofsband met Christus hou nog meer in. As ek sê: “*Ek glo in Christus*” (vgl. Mark. 9:24; Hand. 8:37), val die nadruk nie op die *ek* en op die aksie van *glo* nie, maar op *Christus*. Daarmee sê ek dat my lewe gevul is met Christus en die genade wat Hy aan my betoon. Om in Christus te glo, beteken dus om só deur sy genade en liefde oormeester en oorweldig te word dat die *ek* homself nie langer kan handhaaf nie. Die ek kan nie meer sy eie koers gaan nie, maar moet die koers gaan wat Christus aanwys. Dit is ook wat Paulus wil beklemtoon as hy in Galasiërs 2:19 en 20 sê: “*Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe*.” In die lig hiervan moet ons erken dat dit alleen die *gekruisigde ek* is wat kan sê: “*Ek glo in Christus*“ (vgl. HK So. 16, Antw. 43). So ’n geloof is nie maar net ’n uiterlike houding nie, maar ’n werk-like verhouding met die lewende God soos Hy Hom in die Skrif openbaar. Dit spreek vanself dat so ’n besondere verhouding tot God in ons hele lewe tot openbaring sal kom, ondanks die feit dat ons sondaars is en in ’n sondige wêreld lewe. Hierdie geloofsband aan Christus is ’n houvas waaraan ek vashou en waardeur ek vasgehou word in al die versoekings en beproewings in hierdie lewe. Ek weet immers en kan bely “dat God nie aan ander nie, maar OOK AAN MY uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het”.